10

DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK

Wat glo ons?

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet wat die betekenis van die verskille tussen die Roomse Kerk en die Protestantse kerke is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat Jesus Christus alleen ons kan verlos van die sonde en die dood; en
- dat ons uit dankbaarheid die vrugte van die Heilige Gees in ons moet laat groei.

Gesindheid

Die kinders moet bly wees dat Jesus, wat ook God is, ons volmaak verlos het.

Vaardigheid

Die kinders gaan in samewerking met hulle ouers –

- bepaal of daar in dokters en tandartse se spreekkamers en in moontlike ander openbare plekke Bybels is; en
- Bybels plaas waar daar nie is nie.

MEER INLIGTING (Efesiërs 2: 1- 10)

Het jy al ooit gewonder hoekom Jesus jou van jou sondes verlos het? In ons is daar niks wat Hom genoodsaak het om dit te doen nie – nie ons goeie lewens, of offers of godsdienstigheid nie. Ons het niks om Hom aan te bied nie. Daar is nie een van ons wat goed is nie. Selfs nie een nie! Dit was nie vir Jesus nodig om die hemel te verlaat en al die vervolging, spot en lyding te verduur en uiteindelik te sterf nie.

Nou hoekom het Hy dit dan gedoen? Omdat Hy ons lief het. Dit is al waarop dit neerkom. Dit is suiwer genade. Gratis en verniet.

God se liefde vir jou gee jou die kans om van al jou sondes vergewe te word; 'n kans om 'n persoonlike verhouding met Hom te hê; 'n kans om hemel toe te gaan om vir ewig saam met Hom te kan wees. Dit is 'n geskenk van liefde wat Hom duur gekos het, maar jy kry dit gratis as gevolg van sy liefde. Hierdie geskenk van Jesus – sy dood en sy opstanding – gee jou die versekering dat Hy deur sy dood vir ons die dood en sonde oorwin het, en deur sy opstanding weet ons ons kan vir ewig lewe. Deur die Heilige Gees is Hy by ons teenwoordig. Nou kan ons die vrugte van liefde, vreugde, vrede en baie ander dra. Deur hierdie vrugte te dra, bewys ons ons dankbaarheid teenoor Hom en kan ons ander bly maak en vir hulle 'n seën wees.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Vra die predikant om die klas te kom bywoon om oor die verskille tussen ons Kerk die Rooms-Katolieke Kerk te praat.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 241: 1 en 2 as gebed.

Troue Here van my lewe,
God by wie ek vrede vind;
Vader wat my skuld vergewe,
dankbaar leef ek as u kind.
Vrees vir straf laat my nie weifel,
want u liefde laat geen twyfel;
ja, ek weet in sondesmart:
U is trooster van my hart.

U die kenner van ons harte,
sien my skuld en ken my nood.
Ek treur, vol berou en smarte,
want my sonde bring die dood.
Ja, U sien my hart se wonde,
sien my ly oor al my sonde,
Christus laat my voor U staan,
deur sy bloed neem U my aan. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Vind uit waaroor die kinders met hulle ouers gesels het uit die lys van verskille tussen ons Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk, en laat hulle 'n bepreking voer oor wat hulle dink die betekenis van elke verskil is.
- Laat die kinders die Twaalf Artikels saam opsê.
- Gee die dominee geleentheid om enkele van die verskille vir die kinders te verduidelik.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons is uit genade gered, deur geloof in God alleen. Ons het nou 'n deeglike studie gemaak van die redes waarom die Kerkhervorming plaasgevind het. Ons het 'n Rooms-Katolieke Kerk besoek of na 'n DVD of op die internet gaan kyk hoe ons van hulle verskil. Ons het kennis geneem van hoe ons die Bybel hieroor verstaan. Alles kom op die volgende neer:

Ons kan nie gered word deur –

- die lidmaatskap van 'n sekere kerk nie;
- die gebruike of seremonies van 'n sekere kerk nie;
- die gebruik van die sakramente nie;
- geld of die vryspraak van 'n ampsdraer van die kerk nie; of
- heilige afgestorwenes nie.

Ons kan deur GOD ALLEEN gered word. God se Woord, die BYBEL ALLEEN, is die waarheid oor Hom. Deur ons GELOOF ALLEEN in Jesus Christus kan ons gered word.

GOD ALLEEN. DIE BYBEL ALLEEN. GELOOF ALLEEN.

IETS INTERESSANT

Laat die kinders hulle boeke oopmaak by die woordkaart. Lees MEER INLIGTING hierbo stadig aan hulle voor, en kyk wie die meeste woorde kan vind wat aandui hoe en hoekom ons gered word. Kyk wie die meeste woorde gekry het. Gee dan nog 'n paar minute om nog woorde te vind.

G	E	N	A	D	E	G	E	S	K	E	N	K	D	V	R	E	D	E	H
O	I	L	N	E	K	H	J	R	S	O	N	D	E	P	J	H	B	J	M
D	D	P	O	V	E	R	G	E	W	E	U	E	L	I	E	F	D	E	I
S	S	O	K	E	G	A	S	F	D	U	E	F	V	B	N	V	M	M	S
D	I	P	O	H	W	R	A	F	R	J	K	G	L	Y	E	E	U	I	T
I	O	S	P	F	S	J	G	O	K	L	K	I	E	R	M	R	N	B	E
E	V	T	C	J	N	K	O	R	J	J	U	A	N	G	S	V	D	W	R
N	F	A	G	H	E	J	D	K	A	L	W	I	E	W	I	O	E	R	F
S	T	N	Y	U	W	I	H	A	O	T	E	P	O	K	J	L	H	V	G
T	B	D	N	M	E	M	E	J	N	T	S	I	U	Y	T	G	I	R	E
I	W	I	R	B	L	Y	M	A	A	K	T	S	Y	U	I	I	J	E	H
G	G	N	F	D	G	G	E	G	A	A	B	A	S	S	E	N	T	G	H
H	U	G	I	N	O	O	L	U	U	O	L	A	G	T	R	G	G	B	N
E	M	B	C	X	A	A	S	F	G	T	H	B	A	O	U	O	P	K	K
I	O	D	S	E	E	E	G	H	Y	E	N	B	L	R	K	J	H	G	F
D	Y	I	U	G	N	I	D	U	O	H	R	E	V	P	H	O	I	D	U
L	P	O	S	O	I	L	K	F	J	F	H	G	F	D	T	E	Y	O	U
P	O	I	E	E	U	W	Y	T	E	E	R	E	W	Q	A	S	I	O	D
F	G	H	J	I	J	K	E	L	M	I	N	B	V	R	E	U	G	D	E
V	C	X	Z	E	W	E	Q	U	G	L	L	K	J	H	G	F	D	T	Y

Soek hierdie woorde:

blymaak, dankbaarheid, dood, duur, ewig, gekos, genade geskenk, God, godsdienstigheid, goeie, gratis, Heilige Gees, hemel, Jesus, lewe, lewens, liefde, liefhet, lyding, offers, opstanding, sonde, sterf, vergewe, verhouding, verniet, vervolging, vrede, vreugde, vrugte

IETS BELANGRIK

Prent die volgende weer by die kinders in:

Ons kan nie gered word deur –

- die lidmaatskap van 'n sekere kerk nie;
- die gebruike of seremonies van 'n sekere kerk nie;
- die gebruik van die sakramente nie;
- geld of die vryspraak van 'n ampsdraer van die kerk nie; of
- heilige afgestorwenes nie.

Ons kan deur GOD ALLEEN gered word. God se Woord, die BYBEL ALLEEN, is die waarheid oor Hom. Deur ons GELOOF ALLEEN in Jesus Christus kan ons gered word.

GOD ALLEEN. DIE BYBEL ALLEEN. GELOOF ALLEEN.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans. Laat hulle die antwoorde lees, en help hulle reg waar nodig.

Blaai na die volgende Bybelteks en gaan oordink die betekenis van elke teks:

- Johannes 14: 6: *Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie..."*

Wat leer hierdie teks jou oor hoe ons gered word? *Daar is net een weg tot saligheid: Jesus Christus.*

- Handelinge 4: 12: *Hy* (Jesus) *bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.*

Wat leer hierdie gedeelte jou oor ons verlossing? *Net Jesus Christus kan ons van ons sonde verlos.*

- 1 Timoteus 2: 5-6*: Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het.*

Wat is jou afleiding wanneer jy bogenoemde drie gedeeltes lees? Dink jy iemand van 'n ander geloof, wat nie in Jesus glo nie, kan gered word? *Nee, net mense wat in Jesus Christus glo, en dat Hy vir al ons sondes gesterf het, word gered.*

Kan iemand van 'n ander kerk gered word? *Mense van kerke wat bely en glo dat Jesus die Verlosser is, word gered.*

BY DIE HUIS

DOEN

Ons Kerk se leerboeke, onder andere die Heidelbergse Kategismus, leer ons dat ons geloof uit drie dele bestaan: hoe groot ons sonde is, hoe ons daarvan verlos kan word, en hoe ons dankbaar moet gaan leef.

Laat die kinders gaan nadink oor elkeen van hierdie drie, dit neerskryf, en volgende week kom vertel hoe hulle dit verstaan.

- Hoe groot is jou sonde? *Oneindig groot*.
- Wie het jou daarvan verlos? *Jesus alleen kan ons daarvan verlos, nie die kerk of die pous of wie of wat ook al nie.*
- Wat doen jy as jy uit dankbaarheid lewe? *Ek het God lief bo alles en almal en my naaste soos myself.*

LEER

Laat hulle die woorde van Efesiërs 2: 8 uit die kop gaan leer: *Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.*

AFSLUITING

Sluit af met gebed.